Die Voortrekkers

Prospektus vir die HW/PV proses

1. Inleiding

Die Hoofleierswag- of Presidentverkennertoekennings word op nasionale vlak aan 'n senior Verkenner toegeken. Die toekenning word deur die Hoofdagbestuur aan suksesvolle kandidate gegee. 'n Kandidaat kan net een keer in sy Verkennerloopbaan vir die HW/PV proses inskryf.

Daar word tussen 'n Hoofleierswag en Presidentverkenner onderskei deur die volgende definisies:

Hoofleierswag:
'n Hoofleierswag is 'n Verkenner met 'n bewese betrokkenheid by Die Voortrekkers en met 'n goed deurdagte kennis van die kurrikulum van Die Voortrekkers.

Presidentverkenner:
'n Presidentverkenner is 'n Verkenner:

- wat in die keuses wat hy maak bewys lewer daarvan dat hy ABC-begrond is;
- wat sy beginsels wat hy aanhang en uitleef vanuit 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing laat voortspruit;
- wie se gesag as leier aanvaar word;
- waarvan die vier fasette van sy menswees (verstand, gees, gevoel en liggaam) in balans is en wat groei toon in die ontwikkeling daarvan.

Indien swak of onverantwoordelike gedrag tydens die HW/PV kamp, of binne of buite Die Voortrekkers onder die aandag kom van Die Voortrekkers voordat 'n toekenning aan die kandidaat gemaak is, sou dit tot gevolg kon hê dat die kandidaat nie in aanmerking kom vir enige toekenning, Hoofleierswag of Presidentverkenner nie.

Die toekenningsproses behels die volgende stappe:

1.1 In die voorafevalueringsproses skryf die kommando of gebiedskamp die kandidaat wat voldoen aan die vereistes vir die HW/PV proses in. Die Gebiedsdagbestuur of sy gevolmagtigde verifieer of die kandidaat aan al die toelatingsvereistes voldoen.

1.2 Die kandidaat moet die teoretiese vraestel slaag. Deel 2 moet volledig beantwoord word.

1.3 Suksesvolle kandidate word deur die Nasionale Komitee: Verkenners, in opdrag van Hoofdagbestuur, na die HW/PV kamp genooi.

1.4 Die Nasionale Komitee: Verkenners, in opdrag van Hoofdagbestuur, reël die HW/PV kamp waar kandidate geëvalueer word vir die Hoofleierswag- of Presidentverkennertoekenning.

1.5 Suksesvolle kandidate ontvang hulle toekennings vanaf die Hoofdagbestuur op 'n prestige funksie soos gereël deur die betrokke Gebiedsdagbestuur.

2. Toelatingsvereistes

'n Kandidaat:

2.1 moet by die betrokke gebiedskantoor geregistreer wees;

2.2 se ledegeld moet vir die betrokke jaar betaal wees;

2.3 moet 'n senior Verkenner wees - nie noodwendig in sy akademiese matriekjaar nie. Indien 'n senior Verkenner wat nie in die betrokke jaar in graad 12 is nie, aan die proses wil deelneem, moet vooraf toestemming by sy Gebiedsdagbestuur verkry word;

2.4 moes minstens twee gebiedskampe gedurende sy Verkennerloopbaan bygewoon het. Gebiedskampe wat gedurende die Maart/Aprilvakansie van die jaar waarin die Verkenner aan die HW/PV kamp deelneem bygewoon word, kan nog in aanmerking geneem word;
2.6 moet deur sy kommando of 'n gebiedskamp, waar hy gedurende sy Verkennerloopbaan gekamp het, ingeskryf word;
2.7 moet minstens een jaar voor deelname aan die HW/PV kamp 'n Voortrekker wees;
2.8 moet drie getuigskrifte, onderskeidelik van die kerk, skool en kommando inhandig.

Om te kwalifiseer om die teoretiese vraestel te skryf, moet die Verkenner 30 uit 55 in die voorafevaluering behaal.

Om te kwalifiseer om uitgenooi te word na die HW/PV kamp moet die Verkenner die volgende minimumpunte in die onderskeie fases behaal:
- 50 uit 100 in die teoretiese vraestel (50%) en
- 'n gesamentlike punt van 85 uit 155 vir die vooraf evaluering en teoretiese vraestel (55%).

3. Inskrywing

Die volgende voltooide dokumente moet voor die sluitingsdatum (31 Oktober jaarliks) by die betrokke gebiedskantoor ingehandig wees:
a. Volledig voltooide inskrywingsvorm
b. Afskrifte van sertifikate vir alle punte waarvoor aansoek gedoen word by die vooraf evaluering
c. Addisionele werkstuk (Opsioneel)
d. Die getuigskrifte vanaf die kerk, skool n kommando
e. Die voorgeskrewe inskrywingsgeld wat jaarliks bepaal word
f. Die Volkstrotstaak of Plakboek

Die gebiedsdagbestuur ken evalueringsnommers vir die onderskeie gebiede soos volg toe:

Namibië	-	6xxx
Kaapland	-	7xxx
Vrystaat	-	8xxx
Transvaal	-	9xxx

4. Vooraf evaluering

Slegs die Verkenner se Verkennerloopbaan word in aanmerking geneem by die berekening van punte, behalwe diensjare wat oorgedra word van sy Penkop/Drawwertjieloopbaan.

Punte word verwerf vir die getal spesialisasies, gebiedskampe, jeugberade, diensjare en werksopdragte.

4.1 Puntetoekenning:

4.1.1 Spesialisasies [maksimum 10 punte]

1 - 6 spesialisasies:	2 punte
7 spesialisasies:	3 punte
8 spesialisasies:	4 punte
9 spesialisasies:	5 punte
10 spesialisasies:	6 punte
11 spesialisasies:	7 punte
12 spesialisasies:	8 punte
13 spesialisasies:	9 punte
14 - 15 spesialisasies:	10 punte

4.1.2 Gebiedskampe [maksimum 10 punte]

2 Gebiedskampe:	4 punte
3 Gebiedskampe:	6 punte
4 Gebiedskampe:	8 punte
5 Gebiedskampe:	10 punte

4.1.3 Jeugberaad [maksimum 4 punte]

1 Jeugberaad:	2 punte
2 Jeugberade:	4 punte

4.1.4 Diensjare [maksimum 15 punte]

1 diensjaar:	4 punte
2 diensjare:	5 punte
3 diensjare:	6 punte
4 diensjare:	7 punte
5 diensjare:	8 punte
6 diensjare:	9 punte
7 diensjare:	10 punte
8 diensjare:	11 punte
9 diensjare:	12 punte
10 diensjare:	13 punte
11 diensjare:	14 punte
12-13 diensjare:	15 punte

(Die jaar waarin die Verkenner deelneem aan die proses, tel ook as diensjaar. Die graad 12 jaar moet dus bygetel word.)

4.1.5 Werksopdragte [maksimum 16 punte]

Volkstrotstaak: Maksimum 10 punte

Die punte vir die Volkstrotstaak word soos volg toegeken:

Voorkoms en Bibliografie:	2 punte
Inhoud vir rolmodel:	5 punte
Inhoud vir volksheld:	3 punte

Dit gebeur toenemend dat kandidate doodeenvoudig lang gedeeltes van die take net so vanaf die internet kopieer. Dit kom neer op plagiaat en is nie toelaatbaar nie. Wanneer van die internet as bron gebruik gemaak word, moet dit net soos in die geval van ‘n boek of tydskrifartikel in die bronnelys volledig aangedui word.

Plakboek: Maksimum 10 punte

Die punte vir die plakboek word soos volg toegeken:
Elkeen van die 5 maande se artikels word soos volg uit 10 beoordeel:

Voorkoms en Bibliografie:	2 punte
Inhoud van eerste artikel:	4 punte
Inhoud van die tweede artikel:	4 punte

Die punt uit 50 word terugverwerk na ‘n punt uit 10.

Addisionele werkstuk: Maksimum 6 punte

Die punte vir die addisionele werkstuk word as volg toegeken:

Inhandiging van taak:	1 punt
Voorkoms:	1 punt
Inhoud van die werkstuk:	4 punte

Die onderwerp van die addisionele werkstuk word jaarliks deur die Nasionale komitee: Verkenners bepaal en sal gedurende April bekend gemaak word.

Die addisionele werkstuk moet 3 getikte bladsye (Arial 11 met 1.5 lynspasieëring en 2cm kantlyne) beslaan. Geen prente of foto's moet bygevoeg word nie.

Die vooraf evalueringspunte word bymekaar getel en bepaal die aantal bonuspunte wat vir die kandidaat oorgedra word na die HW/PV kamp. Dié punte word by die kandidaat se punte wat verwerf word op die HW/PV kamp, getel. Die bonuspunte word soos volg bepaal:

Voorafevalueringspunte	Bonuspunte
30 – 34	1
35 – 44	2
45 – 55	3

5. Teoretiese vraestel

Die Nasionale Komitee Verkenners neem verantwoordelikheid vir die opstel van die teoretiese vraestel.

Dit bestaan uit twee dele:

5.1 Deel 1 handel oor die inhoud van die Verkennerlewe.

5.2 Deel 2 bestaan uit opsteltipe vrae waarin die kandidaat aan die hand van situasies moet aandui watter optrede gevolg moet word sodat dit in ooreenstemming met die grondslag, wese, kode en doelstellings en die Verkennerbelofte is. Die deel handel oor die kandidaat se begronding [die uitleef van die kandidaat se ABC- waardestelsel] en moet voltooi wees om verder aan die HW/PV kamp deel te neem.

Die Hoofdagbestuur bepaal die datum waarop die teoretiese vraestel geskryf word. Die Nasionale Komitee Verkenners besorg die vraestelle aan die onderskeie gebiedskantore. Elke gebiedsdagbestuur reël sentrums waar die kandidate moet skryf. Elke gebiedsdagbestuur wys 'n verantwoordelike persoon vir elke eksamensentrum aan. Die verantwoordelike persoon wys soveel toesighouers aan as wat nodig is. Die persoon besorg die antwoordstelle direk na afloop van die eksamen aan die betrokke gebiedskantoor.

Die vraestel word nasionaal op dieselfde dag, datum en tyd geskryf. Die Hoofdagbestuur kan 'n spesiale eksamen toestaan (in gevalle van siekte, dood of ander geldige onvoorsiene omstandighede). 'n Mediese sertifikaat of stawende dokument moet die aansoek vergesel. Hierdie aansoek moet binne 48 uur na die amptelike evalueringsdatum deur die betrokke gebied aan die Adjunkhoofleier (Administrasie) gerig word. 'n Spesiale eksamen word slegs toegestaan wanneer 'n kandidaat nie die eerste eksamen afgelê het nie.

Kandidate met disleksie of soortgelyke gestremdheid:
Kandidate met een of ander gestremdheid waarvoor die skool addisionele tyd of alternatiewe evalueringsmetodes vir die beantwoording van teoretiese evaluerings toelaat, moet reeds tydens inskrywing aansoek doen hiervoor. So 'n aansoek moet vergesel wees van 'n sertifikaat van die betrokke skoolhoof waarin hy ook aandui wat normaalweg aan die kandidaat in soortgelyke teoretiese evaluering toegelaat word. In spesiale gevalle, wat deur die Gebiedsdagbestuur beoordeel word, kan kandidate vir 'n mondelinge teoretiese evaluering aansoek doen.

6. Nasien van die teoretiese vraestel

Die vraestelle en memorandum word aan die betrokke AGL: Verkennersake oorhandig. ‘n Paneel merkers, soos aangewys deur die gebiedsdagbestuur, merk die vraestelle op ‘n tyd en gesamentlike plek vooraf bepaal. Alle vraestelle word gemodereer. Indien ‘n kandidaat ‘n grensgeval is om deur te kom, word die vraestel dadelik gehermerk. Geen vraestelle sal dus in aanmerking geneem word vir hermerk nadat die uitslae van die vraestel bekend gemaak is nie.

‘n Kandidaat moet ten minste 50% in die teoretiese vraestel verwerf om die vraestel te slaag en met die proses voort te gaan.

7. Die HW/PV kamp

7.1 Kandidate kwalifiseer vir die HW/PV kamp deur gesamentlik ten minste 85 uit 155 punte in die vooraf evaluering en teoretiese vraestel te verwerf.

7.2 Kandidate wat kwalifiseer word na die HW/PV kamp uitgenooi. Die kamp word aangebied deur die Nasionale Komitee: Verkennersake in opdrag van die Hoofdagbestuur.

7.3 Die paneel van evalueerders en fasiliteerders word deur die Nasionale Komitee Verkenners saamgestel. By die samestelling van die onderskeie toetspanele word gepoog om die panele so divers as moontlik saam te stel. Hierdeur word verseker dat die kandidaat die beste kans staan om so objektief as moontlik ge-evalueer te word.

7.4 Die program vir die HW/PV kamp bestaan uit:

a. Optrede deur sprekers ten opsigte van Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap en Leierskap
b. Kleingroepbesprekings en –evaluerings aangaande persoonlike leierskap
c. Individuele evalueringsessies aan die hand van Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap en Voortrekkerwees. Tydens die evalueringsproses word die kandidaat se vermoë om homself te verwoord oor die ABC en Voortrekkerwees getoets. As hy minder as 70% by byvoorbeeld die Afrikanerskap of Christenskap toetspunt behaal, beteken dit nie dat die kandidaat ‘n swak Afrikaner of ‘n slegte Christen is nie, maar bloot dat die kandidaat volgens die betrokke toetspaneel, nog nie die vermoë om dit wat hy glo oor die bepaalde onderwerp oortuigend te verwoord, bemeester het nie.
d. Terugvoer aan kandidate

7.5 Tydens die individuele evaluering voer die kandidaat gesprek met die paneel. Die paneel staan onder leiding van die paneelleier wat in opdrag van die sameroeper van die betrokke evalueringspunt optree. Punte word direk na die gesprek met die kandidaat toegeken.

7.6 Tydens die kamp word die getuigskrifte ook in aanmerking geneem. In die geval van 'n negatiewe getuigskrif word dit tydens die kamp opgevolg. Negatiewe getuigskrifte kan ook veroorsaak dat 'n kandidaat nie 'n toekenning verwerf nie. Getuigskrifte is vertroulike dokumente. Daar kan dus nie van die Nasionale Komitee: Verkenners verwag word om die inhoud van getuigskrifte bekend te maak nie.

7.7 Vanweë die aard en samestelling van die HW/PV kamp is dit nie moontlik om die kamp te herhaal nie en kan daar dus nie geakkommodeer word vir siekte- of herevaluasie nie. Indien 'n Verkenner nie die HW/PV kamp kan bywoon nie as gevolg van buitengewone omstandighede, kan die Verkenner egter 'n vertoë rig tot die Nasionale Komitee Verkenners om sodoende die Hoofleierswagtoekenning te ontvang sonder om die kamp by te woon, met dien verstande dat die kandidaat homself bereid verklaar om aan 'n spesiale formele afrondingsgeleentheid deel te neem. Alle nodige stawende dokumentasie moet saam met die vertoë ingedien word. Die kandidaat moes die voorafproses volledig geslaag het. Slegs die Nasionale Komitee Verkenners in samewerking met die Hoofdagbestuur kan die vertoë goedkeur of afkeur.

8. Aanwysing van Hoofleierswag

Om as Hoofleierswag te kwalifiseer moet die kandidaat:

- die volledige HW/PV kamp deurloop
- deur sy getuigskrifte aanbeveel word en
- 'n gemiddeld van minstens 50% gedurende die kamp behaal.

9. Aanwysing van Presidentverkenner

Om as Presidentverkenner te kwalifiseer moet die kandidaat:

- die volledige HW/PV kamp deurloop
- deur sy getuigskrifte aanbeveel word
- 'n gemiddeld van minstens 70% gedurende die kamp behaal en
- in nie meer as een toetspunt minder as 70% behaal nie.

10. Oorhandigingsfunksie

Elke Gebiedsdagbestuur reël 'n prestige oorhandigingsfunksie waartydens die sertifikate en kentekens aan die suksesvolle Hoofleierswagte en Presidentverkenners oorhandig word.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

AHL Willem Petzer
Verkennersake